

NWU-protokol wat gevolg moet word wanneer geleenthede beplan word en hooggeplaastes en politieke partye uitgenooi word om NWU-gehore toe te spreek

Tydens die vergadering van die Universiteitsbestuurskomitee wat in Junie 2019 gehou is, is die bestuursprosesdokumente vir geleenthede en funksies goedgekeur om gebeurtenisse op ons drie kampusse op 'n gekoördineerde manier te help bestuur. Gebeurtenisse sluit in spesiale lesings, uitstallings, konferensies, simposiums, galadinees, sportaktiwiteite en ander spesiale geleenthede wat by 'n stadion, lokaal of langs 'n roete, of binne hulle onderskeie gebiede gehou word.

Spesiale geleenthede word van tyd tot tyd georganiseer om van die vennootskappe tussen die NWU en ander belanghebbers te versterk en hooggeplaaste amptenare word uitgenooi om dit by te woon.

Hooggeplaastes en hoë amptenare word ook uitgenooi om geleenthede by te woon wat die ondertekening van MvV's, projekbekendstellings, openbare lesings en klaslesings insluit.

Hooggeplaastes en hoë amptenare sluit in, maar is nie beperk nie tot, die volgende: huidige en voormalige staatshoofde en hulle adjunkte, ministers, adjunkministers, konings, koninginne en stamhoofde, premiers, lede van uitvoerende komitees (LUK's), parlamentslede en lede van provinsiale wetgewers, voorsitters van portefeuljekomitees, die hoofregter van die Konstitusionele Hof en senior lede van die regbank (huidige en voormalige), hoë kommissaris, ambassadeurs, hoofde van Hoofstuk Nege-instellings, direkteurs-generaal van staatsdepartemente, visekanseliers en hoofde van universiteite, asook sprekers van politieke partye.

Daar is belanghebberverwagtings en protokolle wat hanteer en aan voldoen moet word wanneer ons hooggeplaastes en hoë amptenare ontvang. Van hierdie belanghebbers dring aan op sekere streng protokolle, wat die NWU moet respekteer.

Die beginsel onderliggend aan enige so 'n geleentheid is dat die visekanselier as die gasheer beskou moet word van alle gebeurtenisse by die NWU waarby bogenoemde hooggeplaastes betrokke is. Die volgende werkproses moet dus in alle gevalle gevolg word indien bogenoemde individue uitgenooi sou word na 'n gebeurtenis wat deur lede van die personeel en studente georganiseer word:

- Die voorneme om enige van bogenoemde hooggeplaaste individue uit te nooi, moet eerstens aan die lynbestuurder van 'n personeellid (of aan die voorsitter van die SKR en die betrokke direkteur vir studente in die geval van studente) bekendgemaak word.
- Die lynbestuurder of voorsitter van die SKR en die direkteur vir Studentelewe moet verseker dat alle relevante goedkeurings tot op UBK-vlak, met ander woorde adjunkvisekanseliers-/uitvoerenddirekteursvlak, verkry word.
- Die lynbestuurder (sien hierbo) verseker die goedkeuring van die betrokke UBK-lid, wat op hulle beurt die uitnodiging vir goedkeuring aan die registrateur en visekanselier moet motiveer.

- Wanneer die visekanselier goedkeuring verleen en dit afgeteken het, word 'n werkspan saamgestel binne die geleedere van die entiteit wat die gebeurtenis aanbied. Vir die geslaagde organisasie van die gebeurtenis moet die betrokke ondersteuningsdepartemente, insluitende Beskermingsdienste, Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking, Tegniese Dienste, Ruimte en Fasiliteite, en Koshuise/Spysenieringsdienste vir ondersteuning en/of advies gekontak word.
- **LET WEL: Die uitnodiging wat uitgestuur word, moet deur die visekanselier uitgereik word.**
- Indien 'n hoë amptenaar vra om deur die NWU uitgenooi te word, ontvang die visekanselier gewoonlik sodanige versoeke en hy het die diskresie om dit na die betrokke portefeulje se senior bestuurders vir reëlings/uitvoering te delegeer. Wanneer dit die geval is, moet die gedelegeerde senior bestuurder die relevante dokumentasie vir die besoek voorberei en die visekanselier deurgaans op hoogte hou.

Die aansoekvorm vir gebeurtenisse moet vir alle gebeurtenisse ingevul word en na die skakelpersoon op die kampus gestuur word. Die betrokke skakelpersoon op die kampus sal dieselfde vorm vir goedkeuring aan die kampus se funksiebestuurskomitee stuur.